| <b>TOMATOES</b><br><br><b>Early blight</b><br><i>(Alternaria spp.)</i><br><br><b>Late blight</b><br><i>(Phytophthora spp.)</i>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                      | 100 mℓ /<br>100 ℓ water                                        | <p><b>Ground Application:</b><br/> Spray preventively.</p> <p><b>High volume application:</b><br/> Approximately 1 000 ℓ spray mixture/ha on mature plants.</p> <p><b>Low infection:</b><br/> Apply every 10 - 14 days. Do not apply less than 1.0 ℓ <b>SOLSAN SC</b> / ha on mature plants.</p>                                                                                                                                                                                               |

|                                                                                                                                                                                                                                                                   |                         |                                                                                                                                                                                                                           |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                                                                                   | 190 ml /<br>100 l water | <b>High infection:</b><br>Apply every 7 - 10 days. Do not apply less than 2.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha on mature plants.<br><br><b>Low volume application:</b><br>Approximately 500 l spray mixture / ha on mature plants. |
|                                                                                                                                                                                                                                                                   | 210 ml /<br>100 l water | <b>Low infection:</b><br>Apply every 10 - 14 days. Do not apply less than 1.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha on mature plants.                                                                                                   |
|                                                                                                                                                                                                                                                                   | 380 ml /<br>100 l water | <b>High infection:</b><br>Apply every 7 - 10 days. Do not apply less than 2.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha on mature plants.                                                                                                   |
| <b>NOTE:</b><br><br>For the control of Late Blight <b>SOLSAN SC</b> can also be applied in an alternated spray programme with: <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>FORTRESS.</b></li> </ul> Consult the relevant product labels for the full particulars. |                         |                                                                                                                                                                                                                           |

#### ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS

Botrynil (L 8271)  
Fortress (L 9269)  
Optan 50 SC (L 7878)  
Valeo 500 SC (L 9086)

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd  
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd  
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd  
Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd

## WAARSKUWINGS

### Wagperiodes:

Laat die volgende aantal dae toe tussen die laaste toediening en oes:

|                                              |          |
|----------------------------------------------|----------|
| Bone-hooi.....                               | 42 dae   |
| Droëbone*.....                               | 7 dae    |
| Groenbone*, aartappels en tamaties.....      | 3 dae    |
| Grondbone (Hooi, boonhooi en peulehooi)..... | 42 dae   |
| Wortels.....                                 | ...7 dae |

\*Slegs in kombinasie met **OPTAN 50 SC** (L 7878)

**BELANGRIK:** Bogenoemde onthoudingsperiodes is gebaseer op plaaslike vereistes vir residuvlakke en mag verskil van ander lande waarheen behandelde produkte moontlik uitvoer word.

- Mag skadelik wees indien ingesem of ingesluk.
- Mag velirritasie veroorsaak.
- Veroorsaak oogirritasie.
- Giftig vir visse, en skadelik vir ander waterorganismes.
- Bêre in 'n koel (5 – 25 °C) en droë plek (verkieslik nie direk op 'n sement vloer nie).
- Bêre in 'n koel, droë plek weg van voedsel, voer, kunsmis, saad en ander landbouchemikaleë.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebiede betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor water of aangrensende gebiede spuit nie, of toelaat dat spuitstofwegdrywing hierdie aangrensende gebiede besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande, kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om die etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

- Vermoë kontak met oë, vel en inaseming van dampe of spuitnewel.
- Dra beskermende oorklere en gesigskerm tydens vermenging en toediening.
- In die geval van direkte kontak met die vel, was dadelik met seep en water.
- In die geval van direkte oogkontak, spoel vir ten minste 15 minute uit met skoon water. Verwyder kontaklense.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging nie, of voordat gesig en hande gewas is nie.
- Vermoë wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en ander gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Maak die toerusting voor- en na gebruik skoon. Raak van waswater ontslae waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme of enige ander waterbronne sal besoedel nie.
- Keer die leë houer om in die spuittenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word.
- Vernietig leë houe en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

- Vermy besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Ruil werksklere om en was dit. Was uself.

## WEERSTANDBESTUUR

Vir weerstandsbestuur, is **SOLSAN SC** 'n Groepkode M5 swamdoder. Enige swampopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **SOLSAN SC** of enige ander Groepkode M5 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende individue sal waarskynlik nie deur **SOLSAN SC** of enige ander Groepkode M5 swamdoder, beheer word nie.

### Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van swamdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, geregistreerde produkte in verskillende swamdodergroepkodes.
- 'n Spuitprogram of tenkmengsels met middels met 'n ander metode van werking kan die opbou van weerstandbiedende populasies vertraag.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.

Aangesien die voorkoms van weerstand nie voorspel kan word nie, word gebruikers aangeraai om behandelde gewasse noukeurig dop te hou. Indien die behandeling nie doeltreffend is nie, as gevolg van die gebruik van **SOLSAN SC** soos aanbeveel, mag 'n weerstandbiedende ras teenwoordig wees. Indien 'n weerstandbiedende ras positief geïdentifiseer word, moet oorweging daaraan geskenk word aan die onmiddellike gebruik van 'n swamdoder met 'n ander metode van werking, waarvoor daar geen rekord van weerstand teen die betrokke siektes is nie. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## METODE VAN WERKING

**SOLSAN SC** is 'n nie-sistemiese blaarswamdoder met beskermende werking. **SOLSAN SC** werk deur middel van konjugering met, en uitputting van, tiale (veral glutatone) van ontkiemende swamselle. Dit lei tot die ontwrigting van glikoliese en energieproduksie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moet nie **SOLSAN SC** op enige gewas of situasie toedien wat nie op hierdie etiket verskyn nie.
- Moet nie hierdie produk in kombinasie of in tenkmengsels met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op die etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Gebruik **SOLSAN SC** slegs met veilige en akkurate toedingsmetodes.
- As **SOLSAN SC** gebruik word in tenkmengsel met ander aanbevole produkte, moet oorweging geskenk word aan die beperkings van daardie spesifieke produkte.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

## VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **SOLSAN SC** met ander produkte hang af van die formulerings van die betrokke produkte asook die kwaliteit van die spuitwater. Deurdat formulerings van tyd tot tyd kan verander, word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen voordat die tenkmengsel gemaak word. Indien **SOLSAN SC** deur middel van 'n spulpuntbesproeiingstelsel toegedien word, moet **SOLSAN SC** nie met ander middels of kunsmis gemeng word nie. **SOLSAN SC** is verenigbaar met die meeste landboumiddels.

## MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met skoon water. Skud die **SOLSAN SC** houër goed voor gebruik.

Voeg die benodigde hoeveelheid **SOLSAN SC** in die spuitwater van die tenk. Indien **SOLSAN SC** in die spuitwater met ander produkte gemeng word, voeg die betrokke produkte in die volgende volgorde, waar van toepassing, by: benatter/buffer, benatbare poeier, suspensiekonsentraat, emulgeerbare konsentraat. Hierna moet die tenk met water tot by die verlangde volume volgemaak word terwyl aanhoudend geroer word om deeglike vermenging van die spuitmengsel te verseker voordat toediening begin. Handhaaf konstante roering tydens toediening. **Tenkmengsels moet dadelik uitgespuut word en mag nie in die tenk staan nie.** Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word na elke spuitoperasie.

## TOEDIENINGSMETODES

Dien toe as 'n voldek-, voorkomende bespuiting vir die beheer van siektes soos aangedui. Verseker goeie bedekking van die hele plant (stamme en beide blaaroppervlaktes) deur genoegsame watervolumes te gebruik met spuittoerusting wat hoë druk kan handhaaf. Gedurende nat of bedompige toestande wanneer siektedruk hoog is, moet toedienings meer gereeld gedoen word as wat daar onder droër toestande gemaak word, maar moenie 21 dae tussenposes oorskry nie. **SOLSAN SC** is reënvas binne 15 minute nadat die spuitneerslag droog geword het. Reënval van tot 60 mm na hierdie periode behoort geen nadelige invloed op die effektiwiteit van **SOLSAN SC** te hê nie en hoef die toediening nie herhaal te word nie.

## LUGTOEDIENING (GRONDBONE, AARTAPPELS EN BONE)

Lugtoediening mag slegs gedoen word deur 'n geregistreerde lugtoedieningsoperateur wat gebruik maak van 'n korrek gekalibreerde vliegtuig in ooreenstemming met die instruksies soos vervat in die SANS kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies van spuitmateriaal tydens die toedieningsproses tot 'n minimum beperk word. Dit is dus van kardinale belang om aan die volgende kriteria te voldoen:

### Toerusting

- Gebruik gepaste atomiseringstoerusting (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die verlangde druppelgrootte en bedekking oor die teikengebied sal verseker, maar die minimum verlies d.m.v. wegdrywing van die spuitmengsel sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitstelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Alle spuitkoppe en atomiseerders moet geposisioneer word in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om sodoende te verhoed dat die druppels binne-in die vlerkpuntvorteks in beweeg.

### Toedieningsvereistes

- 'n Minimum volume van 30 – 40 l mengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien die produk nog nie getoets is teen 'n verlaagde volume nie, kan die registrasiehouer nie die effektiwiteit waarborg of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien die produk teen 'n laer volume, tydens lugtoediening gespuut word nie.
- 'n Druppelbedekking van 50 – 70 druppels per vierkante sentimeter moet by die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 200 – 250 mikrons word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppelgroottes, met 'n VMD van minder as 150 mikrons tot 'n minimum beperk word. Die byvoeging van 'n geskikte teen-verdampingsmiddel word aanbeveel as die VMD van die druppels minder as 200 – 250 mikrons is.
- Die hoogte van die spuitbalk moet gehandhaaf word tussen 3 en 4 meter bokant die teikengebied.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt van 'n draai is of tydens 'n duik of terwyl dit uitklim of draai nie.

### Meteorologiese toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos deur 'n swaai-higrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente en onstabiele weerstoestande spuit nie, of gedurende die hitte van die dag, wanneer stygende en dalende konveksie-windbeweging plaasvind nie.

- Moenie toedien onder temperatuurinversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit), en/of hoë humiditeitstoestande (relatiewe humiditeit 80% of hoër) nie, want dit kan lei tot:
  - a) Vermindering in effektiwiteit vanweë suspensie en verdamping van die klein druppels in die lug (wat kan lei tot onvoldoende bedekking).
  - b) Skade aan sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk weg van die teikenarea.
- Moenie spuit indien die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

#### Grondbone

- Lugtoediening is nie 'n plaasvervanger vir trekkerbespuiting nie. Dit moet gesien word as 'n addisionele bespuiting wanneer weerstoestande nie 'n trekkerbespuiting toelaat nie, bv. wanneer nat toestande ervaar word.
- Daar moet streng aan al die lugtoedieningsparameters voldoen word en die volgende spesifikasies is noodsaaklik vir effektiewe beheer:
  - Die spuitpunte binne 0.5 m van die vlerkpunte moet toegemaak word en die res moet van D 10 – 46 of D 12 – 46 keëltype spuitkoppe voorsien wees.
  - Die spuitpunt moet na agter wys en afwaarts teen 'n hoek van 45° met die horisontale.
  - Dien toe in 'n minimum van 50 l water / ha.

#### Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande om te spuit.
- **Verkry 'n versekering van die lugoperateur dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word. Alle toedienings moet met geskikte apparaat gemaak word wat in 'n goeie werkende toestand is en korrek gekalibreer is om die gewenste bedekking vir die spesifieke metode van toediening te verseker.**

#### SPILPUNTTTOEDIENING (Slegs Aartappels)

##### Algemeen

1. **SOLSAN SC** mag op aartappels toegedien word deur gebruik te maak van 'n geskikte spilpuntbesproeiingstelsel.
2. Bestuur die inspuittingsapparaat en die spilpunt deur gebruik te maak van 'n positiewe verplasings-meterpomp by normale druk, en verseker dat die vervaardiger se aanbevelings vir albei toerusting nagekom word.
3. Moenie die besproeiingsapparaat sonder veiligheidskleppe gebruik nie. Dit verhoed die terugvloei en die besoedeling van die waterbron.
4. Skakel die mengtenk en inspuittingsapparaat by die uitlaatkant van die besproeiingslyn in.
5. **SOLSAN SC** kan gedurende die normale besproeiingsiklus ingespuut word, of as 'n afsonderlike toediening wanneer besproeiing nie nodig is nie.
6. Na voltooiing van die besproeiingsiklus, maak die inspuittingsapparaat toe, maar laat die spilpunt loop totdat al die **SOLSAN SC** deurgespoel het.
7. Moenie **SOLSAN SC** saam met enige ander landboumiddel of kunsmis in 'n tenkmengsel meng nie.
8. Egalige watertoediening deur die spilpuntapparaat is noodsaaklik om volle bedekking van die gewas met **SOLSAN SC** te verseker.

#### Waarskuwing

“Up to Date” aartappels wat onder spilpuntbesproeiing gedurende Januarie tot April verbou word, veral in Limpopo, is baie gevoelig vir *Phytophthora infestans*. Onder hierdie toestande, moet **SOLSAN SC** teen die volle dosis (2,75 l /ha) elke 4 – 5 dae toegedien word.

### Kalibrasie vir spilpuntoediening

Maak die inspuitingstenk vol water om die inspuittingsapparaat op die verlangde meter tempo vir 1 siklus te kalibreer. Die spilpunt moet deur 1 siklus loop en die tyd om een siklus te voltooi, die hoeveelheid water ingespuut en die aantal hektare (ha) wat bedek is, moet gemeet word. Meng die aanbevole hoeveelheid **SOLSAN SC** benodig om die oppervlakte te bedek met dieselfde hoeveelheid water wat gedurende die kalibrasie ingespuut was en dien deurlopend toe vir een revolusie van die spilpunt.

### AANBEVELINGS

| GEWAS EN SIEKTE                                                                             | DOSIS                                                                                                                                                                                                                         | OPMERKINGS                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                     |
|---------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>WORTELS</b><br><br><b>Cercospora blaarvlek</b><br><i>(Cercospora carotae)</i>            | <b>Grondtoediening</b><br><br>1.3 -1.8 l <b>SOLSAN SC</b> / ha                                                                                                                                                                | Begin met bespuiting sodra toestande gunstig is vir siekteontwikkeling. Dien opvolgbespuitings met 7 -14 dae intervalle toe.<br>MOENIE meer as drie (3) toedienings van <b>SOLSAN</b> gedurende elke groeiseisoen toedien nie.                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
| <b>GROENBONE en DROËBONE</b><br><br><b>Boontjieroes</b><br><i>(Uromyces appendiculatus)</i> | <b>Grondtoediening</b><br><br>360 ml <b>OPTAN 50 SC</b> + 350 ml <b>SOLSAN SC</b> / ha.                                                                                                                                       | Dien die spuitmengsel toe as 'n voorkomende spuitprogram of ten minste 2 bespuitings met 10 – 14 dae intervalle. Begin die toedienings met die eerste tekens van bruinroes of wanneer die weerstoestande gunstig is vir die ontwikkeling van die siekte. Dien slegs een keer toe indien nadelige omgewingstoestande laat in die seisoen voorkom.<br><br>Raadpleeg die <b>OPTAN 50 SC</b> etiket.                                                                                                               |
|                                                                                             | <b>Laat grondtoediening</b><br><br>480 ml <b>OPTAN 50 SC</b> + 1.4 l <b>SOLSAN SC</b> / ha.                                                                                                                                   |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|                                                                                             | <b>Lugtoediening</b><br><br>432 ml <b>OPTAN 50 SC</b> + 420 ml <b>SOLSAN SC</b> / ha.                                                                                                                                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
|                                                                                             | <b>Laat lugtoediening</b><br><br>480 ml <b>OPTAN 50 SC</b> + 1.4 l <b>SOLSAN SC</b> / ha.                                                                                                                                     |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                |
| <b>GRONDBONE</b><br><br><b>Blaarvlek</b><br><i>(Cercospora spp.)</i><br><i>(Phoma spp.)</i> | <b>Grondtoediening</b><br><br><b>Droëland-gewas:</b><br><b>Lae infeksie:</b> 0.7 l / ha<br><b>Hoë infeksie:</b> 1.5 -1.8 l/ha<br><br><b>Besproeiingsgewas:</b><br>1.5 -1.8 l/ha<br><br><b>Lugtoediening:</b><br>1.5 -1.8 l/ha | <b>GRONDTOEDIENING</b><br><br><b>DROËLAND GEWAS:</b><br><b>Lae infeksie:</b> Dien met 10-14 dae intervalle toe.<br><br><b>Hoë infeksie:</b> Dien toe sodra toestande gunstig is vir siekteontwikkeling met 7 -14 dae intervalle.<br><br><b>BESPROEIINGSGEWAS:</b><br>Begin toediening nagenoeg 6 -10 weke na plant, of vroeër indien toestande gunstig is vir siekteontwikkeling. Dien toe as 'n voldekbepuiting elke 7-14 dae.<br>MOENIE minder as 1.5 l <b>SOLSAN SC</b> /ha op volwasse plante gebruik nie. |

|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |
|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|------------------------------------------------------------------------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               |                                                                        | <p><b>LUGTOEDIENING</b></p> <p>Die voorgestelde vlieghoogte is 2-3 m bokant die gewas met heersende winde wat nie 10 km/h oorskry nie.</p> <p>Sien <b>LUGTOEDIENING</b> en <b>GRONDBONE</b> onder <b>GEBRUIKSAANWYSINGS</b>.</p> <p>MOENIE meer as drie (3) toedienings van <b>SOLSAN SC</b> gedurende elke groeiseisoen toedien nie.</p>                                                                                                                                               |
| <p><b>AARTAPPELS</b></p> <p><b>Vroeë roes</b><br/>(<i>Alternaria solani</i>)</p> <p><b>Laatroes</b><br/>(<i>Phytophthora infestans</i>)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                   | 0.7 – 1.0 l / ha                                                       | <p>Begin met 'n voorkomende spuitprogram, gewoonlik wanneer die plante begin blom of wanneer toestand gunstig is vir siekte - ontwikkeling. Herhaal bespuitings totdat bogrondse dele afgesterf het.</p> <p><b>Grondtoediening – Trekker:</b><br/><b>Lae infeksie:</b><br/>Dien toe elke 7 – 10 dae as 'n voldekbepuiting in ten minste 500 l water/ha. Gebruik die laer dosis onder droëlandtoestande en herhaal elke 7 dae. Die hoër dosis mag gebruik word in 'n 10 dae skedule.</p> |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | 2.0 l / ha                                                             | <p><b>Grondtoediening – Trekker:</b><br/><b>Hoë infeksie:</b><br/>Dien elke 5 – 7 dae toe as 'n voldekbepuiting in ten minste 500 – 1 500 l water/ha afhangend van plantgrootte en blaardigtheid.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                   |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | 1.0 l / ha                                                             | <p><b>Lugtoediening:</b><br/><b>Lae infeksie:</b><br/>Dien toe soos hierbo genoem in 30 l water/ha.</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 |
|                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                               | 2.0 l / ha                                                             | <p><b>Lugtoediening:</b><br/><b>Hoë infeksie:</b><br/>Dien toe soos hierbo genoem in 30 l water/ha.</p> <p><b>Spilpuntoediening:</b><br/>Begin toediening 2 weke na-opkoms. <b>Moenie</b> 'n 10 dae spuit tussenpose <b>oorskry nie</b>. Herhaal bespuiting totdat bogrondse plantdele afgesterf het. (Sien spilpuntoediening onder “<b>GEBRUIKSAANWYSINGS</b>”).</p>                                                                                                                   |
| <p><b>SLEGS Vroeë roes</b><br/>(<i>Alternaria solani</i>)</p>                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                 | <p>1 500 ml/ha</p> <p>PLUS</p> <p>500 ml/ha</p> <p><b>BOTRYNIL</b></p> | <p>Begin met 'n voorkomende spuitprogram, gewoonlik wanneer die plante begin blom of wanneer toestand gunstig is vir siekte - ontwikkeling. Herhaal bespuitings totdat bogrondse dele afgesterf het.</p> <p>Dien elke 7 dae toe as 'n voldekbepuiting in ten minste 500 l water/ha.</p> <p>MOENIE meer as vyf (5) toedienings per seisoen maak nie.</p>                                                                                                                                 |
| <p><b>NOTA:</b></p> <p>Vir die beheer van Vroeë roes en Laatroes: <b>SOLSAN SC</b> kan ook in 'n afwisselende program bespuit word met <b>FORTRESS</b> (L 9269) vir die beheer van Laatroes en Vroeë roes in aartappels. Raadpleeg die <b>FORTRESS</b> etiket vir volle besonderhede.</p> <p>Vir die beheer van Laatroes: <b>SOLSAN SC</b> kan ook toegedien word in 'n afwisselende spuitprogram met <b>SOLSAN SC</b> of slegs <b>VALEO 500 SC</b>.</p> <p>Raadpleeg die betrokke produketikette vir volle besonderhede.</p> |                                                                        |                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                                         |

|                                                                                                                                                                                                                                                          |                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                  |
|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------------------|----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|
| <b>TAMATIES</b><br><br><b>Vroeë roes</b><br><i>(Alternaria spp.)</i><br><br><b>Laatroes</b><br><i>(Phytophthora spp.)</i>                                                                                                                                | 100 ml /<br>100 l water | <b>Grondtoediening:</b><br>Spuut voorkomend.<br><br><b>Hoë volume toediening:</b><br>Ongeveer 1 000 l spuitmengsel/ha op volwasse plante.<br><br><b>Lae infeksie:</b><br>Dien elke 10 – 14 dae toe. Moenie minder as 1.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha op volwasse plante toedien nie. |
|                                                                                                                                                                                                                                                          | 190 ml /<br>100 l water | <b>Hoë infeksie:</b><br>Dien elke 7 – 10 dae toe. Moenie minder as 2.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha op volwasse plante toedien nie.<br><br><b>Lae volume toediening:</b><br>Ongeveer 500 l spuitmengsel / ha op volwasse plante.                                                      |
|                                                                                                                                                                                                                                                          | 210 ml /<br>100 l water | <b>Lae infeksie:</b><br>Dien elke 10 – 14 dae toe. Moenie minder as 1.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha op volwasse plante toedien nie.                                                                                                                                                  |
|                                                                                                                                                                                                                                                          | 380 ml /<br>100 l water | <b>Hoë infeksie:</b><br>Dien elke 7 – 10 dae toe. Moenie minder as 2.0 l <b>SOLSAN SC</b> / ha op volwasse plante toedien nie.                                                                                                                                                   |
| <b>NOTA:</b><br><br>Vir die beheer van Laatroes kan <b>SOLSAN SC</b> ook toegedien word in 'n afwisselende program met: <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>FORTRESS.</b></li> </ul> Raadpleeg die betrokke produketiket vir volle besonderhede. |                         |                                                                                                                                                                                                                                                                                  |

#### ERKENNING VAN HANDELSMERKE

Botrynil 400 SC (L 8271)  
Fortress (L 9269)  
Optan 50 SC (L 7878)  
Valeo 500 SC (L 9086)

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.  
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.  
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.  
Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.